# WES-KAAP SA BOERPERD KLUB ~ JAARVERSLAG

AUGUSTUS 2016

KLUB BESTUUR:
Voorsitter: Tielman Roos
Streeksverteenwoordiger: AJ Burger
Raadslid: Johannes Langenhoven
Sekretaresse: Lizelle Gouws

JAARVERGADERING:
20 Februarie 2016

**1. WES-KAAP SAB STREEKKAMPIOENSKAPPE (Feb 2016)**

Die Wes-Kaap Streekkampioenskappe het 17-19 Februarie 2016, te Riversdal Skougronde plaasgevind. Die klub se Jaarvergadering is goed bygewoon en nuwe lede is verwelkom. Die volgende versoek is deurgestuur na die Raad vir oorweging en bespreking : dat die Algemene Jaarvergadering van die Genootskap weer tydens die Nasionale Kampioenskappe moet val. Dit is weer vanjaar ‘n punt op die AJV 2016.

Die Riversdal skou is altyd vir die Jeug ‘n groot hoogtepunt en geleentheid om lekker saam te kuier. Hulle ondersteun en help mekaar met voorbereidings, sowel as in die arena. Almal het weer hierdie jaar hulle blou Wes-Kaap Jeug baadjies gedra waarop hulle baie trots is. Baie dankie aan Michelle Gouws vir haar moeite met die Jeug-Aksie. Baie van die kinders het die Wêreld Saddleseat Kampioenskappe wat by Mistico aangebied is saam bygewoon en ook vroeër dié jaar Monty Roberts se aanbieding "*From my hand to yours*" gaan kyk.

**2. SAB ELITE VEILING (Mei 2016)**

Jana en Francois Malherbe het ‘n SAB Elite Veiling gereel wat op 7 Mei 2016 by die Riversdal Skougronde, in samewerking met GWK afslaers, plaasgevind het.
Gedurende die veiling is net 2 perde op die dag verkoop, nl. Lot 6 Lang-Carel Rebel en Lot 14 Jurust Hawaii.

**3. SAB Nasionale Kampioenskappe te Parys, Afridome (Junie/Julie 2016)**

Die Wes-Kaap was goed verteenwoordig by die Nasionale kampioenskappe die jaar, maar a.g.v. die (1) bevestigde AHS geval binne ‘n radius van 30km van Parys, die (2) AHS Bewegingskontrole Protokol *(Movement Control Policy)* en die (3) kwarantyn periode wat vereis was, het sommige lede teruggedraai en/of besluit om nie hierdie jaar deel te neem nie.

**4. CEVA WC HOY 2016 (Julie 2016)**

“Western Cape Showing” het die heel eerste “Horse of the Year 2016” in die Wes-Kaap aangebied wat plaasgevind het 29-31 Julie 2016 by Mistico Equestrian Centre (geleë tussen Paarl en Durbanville). Hierdie skou moes twee keer uitgestel word a.g.v. die AHS gevalle en gevolglike kwarantyn periodes wat ingestel is.

Dié prestige Skou het o.a. Showing, Dresseer, Perdespring en In Hand klasse ingesluit. Lizelle Gouws (*Wes-Kaap SAB Klub sekretaresse*) was verantwoordelik vir die reël van die SA Boerperd klasse. Sy het ook borge en pryse bekom vir klaswenners en kampioene.

Groot dank aan die volgende borge wat dit vir die SA Boerperd ras moontlik gemaak het om suksesvol aan CEVA WC HOY 216 te kon deelneem: Ruggens SA Boerperd stoet, Maltrap SA Boerperd stoet, Aylabar, Agrimark Stellenbosch, Mugg & Bean Somerset-Wes, Durbanville Hills, Die Boord Apteek, Liezel Sieberhagen, The Royal Horse en Bedazzled Browbands.

Uitslae was soos volg:

~ SAB Champion In Hand Breed Horse : RUGGENS ACE gery deur Elzette van Zyl, eienaar: MJ Odendaal.
~ Reserwe Kampioen Open Show Pony: RYMAAR DAARSHY gery deur eienaar Anja Lourens
~ Show Hack In Hand (alle rasse) gewen deur Jeannie Marais met ROOIGRAS SO WHAT.
~ CEVA Merrie In Hand (alle rasse) gewen deur Jeannie Marais met ROOIGRAS SO WHAT.
~ SAB Show Riding Champion: RUGGENS AMOR gery deur Elzette van Zyl (eienaar MJ Odendaal).
~ SAB Show Riding Reserve Champion: BAKGAT LANCELOT gery deur Siobhan Wall (eienaar S Wall).
~ Adult Prelimanary Dressage: RUGGENS AMOR gery deur Elzette van Zyl behaal 3de & 5de Plasings in hul onderskeie toetse.
~ RUGGENS AMOR verdien besondere vermeldinge met 'n vierde plasing in die "2016 CEVA Supreme Championship" - 'n ope klas waar ál die raswenners teen mekaar kompeteer.

**5. SANESA 2016**

Lisa Gouws met Jurust 62 Danger en Nicole du Plessis met Hat Swenk, het baie goed gevaar in die 2016 Sanesa Qualifiers. Albei ruiters het hul Boland kleure verwerf en vroeg in Augustus die Boland Laerskool-span verteenwoordig by die inter-streek kampioenskappe wat in Stellenbosch gehou was. Albei ruiters is gekies om die Wes-Kaap span te verteenwoordig by die SANESA Nasionale Kampioenskappe in Oktober by Misty Meadows.

**6. KOMMANDO-RIT 1-4 OKTOBER 2016**

Ons reël 'n kommando-rit in die Klein-Karoo (Riversdal distrik) vir die eerste vier dae van die lente-skoolvakansie (1-4 Okt 2016). Pragtige roete in fynbos- en Klein-Karooveld, af van die gebaande weë! Voer vir perde en etes vir ruiters sal voorsien word vir die vier dae. Belangstellendes kan skakel met Tielman Roos 0832616630 (sel); 028 713 2424 (kantoor); 028 713 2020 (huis); epos : roosprok@isat.co.za.

Ons vertou dat 2017 net so goeie jaar soos 2016 sal wees.

***LIZELLE GOUWS***
WES-KAAP KLUB: Sekretaresse